# Die naamgewing van die dorp Pierre van Ryneveld (Van Ryneveldpark) en sy uitbreidings

**Kol (dr) Jan Ploeger***

**Pierre van Ryneveld was born at Senekal OFS on 2.5.1891. Part of his schooling took place at Grey College, Bloemfontein. After obtaining a BSc at the Imperial College in London he enlisted as a cadet in the London Officers Training Corps in 1914 and became a Flight Officer in the illustrious Royal Flying Corps in 1915. At the end of World War I he was a Colonel in the RAF. In 1920 he was summoned by General J.C. Smuts to "start the Air Force in South Africa" and was consequently regarded as the 'father' of the SAAF.**

**Gen, Sir (as he later became) Pierre van Ryneveld became a legend in his lifetime and this article describes how he and other military figures were honoured by the establishment of Van Ryneveld Park.**

Suid van Pretoria, tussen die Oostelike verbypad (N1) en die pad van Pretoria na Kemptonpark en Jan Smuts (R21), met 'n oostelike uitbreiding tussen die Maria van Riebeecklaan (R21) en die Goede Hooplaan, lê – binne die grense van die munisipaliteit Verwoerdburg – die dorp Pierre van Ryneveld (Van Ryneveldpark) en sy onderskeie uitbreidings. Van hierdie dorp en sy vyf uitbreidings het, nadat die benaming Pierre van Ryneveld reeds bestaan het, die naamgewing in 1972 tot stand gekom.

In die genoemde jaar het die stadsklerk van Verwoerdburg 'n versoek aan die destydse Direkteur-Generaal Personeel (DGP) van die Suid-Afrikaanse Weermag gerig om die straat- en padnaamgewing van die voorgestelde dorp Pierre van Ryneveld ter hand te neem. Die bedoeling was op dié wyse die gedagtenis aan genl sir Pierre van Ryneveld (1891–1972) te eer deur hom in 'n passende omgewing, t.w. die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM), te plaas. Gesien die betreklike kort geskiedenis van die SALM (vanaf 1920) was dit onmoontlik om aan dié versoek te voldoen. 'n Uitweg is gevind deur die naam Pierre van Ryneveld teen die agtergrond van die SALM, die Suid-Afrikaanse Vloot en die Suid-Afrikaanse Leër te plaas. In laasgenoemde verband is krygsfigure uit die tydperk voor die Uniewording (1910) ook ingesluit. Die naamgewingstaak is, ooreenkomstig die militêre naamgewingsbeleid, deur die destydse Militêr-Historiese en Argivale Dienste (MHAD), in opdrag van DGP, afgehandel.[1]

## Genl sir Pierre van Ryneveld (1891–1972)

Genl sir Pierre van Ryneveld was die "vader" van die SALM en hoof van die Unie van Suid-Afrika se gewapende magte tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Hy is op 2.5.1891 op Senekal (OVS) gebore en het 'n deel van sy onderrig aan die *Grey College*-skool en daarna aan die destydse Grey-universiteitskollege, Bloemfontein, ontvang. Hy is vervolgens na Engeland, waar hy – in besit van sy BA (Kaap)-graad – die BSc-graad in ingenieurswese aan die *Imperial College* (University of London) verwerf het. Sy militêre loopbaan het begin toe hy in Junie 1914 as 'n kadet by die *London Officers Training Corps* aangesluit het. In Augustus 1914, die maand waarin die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het, het hy sy bevordering tot tweede luitenant in die diensbataljon van die *Loyal North Lancashire Regiment* ontvang. Sy bevordering tot eerste luitenant het op 27.11.1914 gevolg. Lt H.A. van Ryneveld is op 3.5.1915 na Northolt, waar hy by 5 Vleuel van die *Central Flying School* aangesluit het. Op 16.7.1915 het vliegoffisier Van Ryneveld tot die *Royal Flying Corps* toegetree. Hy het o.m. in 17 Eskader RFC (Midde-Ooste) en as bevelvoerder van 45 Eskader RFC gedien (Frankryk). Tydens die oorlogsjare het Van Ryneveld aktiewe diens in Engeland (1914), Egipte (1915–1916), Masedonië (Griekeland) (1916) en Frankryk en België (1917–1918) verrig. Hy is gewond en het in Augustus en September 1917, mediese behandeling in Frankryk en Engeland ontvang.

Op 1.4.1918 is hy tot kolonel in die *Royal Air Force* bevorder en nadat hy diens in die Lugvaartministerie verrig het, het hy sy RAF-kommissie op 1.2.1920 neergelê en is hy toegelaat om die rang van luitenant-kolonel te behou.

Die volgende militêre medaljes en dekorasies is aan hom toegeken:

(i) *Knight Commander of the Most Excellent Order of the British Empire (KBE)*, 14.5.1920.
(ii) *Distinguished Service Order (DSO)*, 1.1.1919.
(iii) *Military Cross (MC)*, 3.6.1916.
(iv) *Order of the Nile 4th Class*, Egipte, 9.3.1917.
(v) *Croix de Chevalier, Legion d'Honneur*, Frankryk, 15.7.1919.
(vi) *Croix d'Officier de l'Ordre de Leopold* met *Croix de Guerre*, België, 15.7.1919.
(vii) *1914–18 Star.*
(viii) *British War Medal.*
(ix) *Victory Medal.*

Na die oorlog was Van Ryneveld as bevelvoerder van 2 Leërvleuel RAF (ses of sewe eskaders) gestasioneer in Keulen, Duitsland, toe genl J.C. Smuts hom na die Savoy-hotel in Londen ontbied en, volgens sy eie woorde, aan hom gesê het: "Van Ryneveld, I want you to go out to South Africa to start the Air Force."[2]

Bogenoemde opdrag verklaar dat lt-kol H.A. van Ryneveld op 1.2.1920 by die Staande Mag (Staf) van die Unie Verdedigingsmag (UVM) aangesluit het en met ingang van dieselfde datum met die tydelike rang van kolonel, as die eerste Direkteur van Lugdienste, UVM, benoem is. Dié datum word, tot vandag toe, as die stigtingsdatum van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) beskou.

Soos bekend was genl Smuts 'n sterk voorstander van 'n lugmag vir die Unie van Suid-Afrika en toe die Britse regering ongeveer 100 vliegtuie as 'n geskenk aan die Unieregering aangebied het, is hierdie kosbare geskenk met geesdrif aanvaar. Van Ryneveld het die genoemde vliegtuie en 'n groepie RAF-werktuigkundiges uitgesoek om hom te help. Uiteindelik het die "Imperiale Geskenk" uit 111 vliegtuie bestaan en 'n totale waarde van om en by £2 000 000 verteenwoordig. Die verskeping het in September 1919 begin en in Suid-Afrika is die huidige LMB Swartkop as 'n ontvangs- en bergingsbasis ingerig.[3]

Voordat met die opleidingswerksaamhede op LMB Swartkop begin is, het lt-kol Van Ryneveld en vluglt Quintin Brand, met hulle vliegtuig die *Silver Queen*, die eerste vlug van Engeland (Brooklands) na Suid-Afrika onderneem. Die eerste lugreis oor die "ruggraat" van die wêrelddeel Afrika is, alhoewel nie sonder teenslae nie, op 20.3.1920 met welslae in Kaapstad bekroon.[4]

Vir hierdie uitsonderlike pioniersprestasie is sowel lt-kol Van Ryneveld as vluglt Quintin Brand in die Britse ridderstand verhef deurdat die sirskap aan hulle toegeken is. In die toekoms sou lt-kol Helperus Andrias van Ryneveld as lt-kol sir Pierre van Ryneveld bekend staan. Terugsiende op hierdie prestasie het Carel Birkby in 1972 geskryf:

> "Van Ryneveld and Brand turned their flight into a race against a number of other planes – and won. They cracked up two Vickers Vimy bombers in the course of their 45-day flight, but made history as the first airmen to reach the Cape from Britain."[5]

Tot sy aftrede as Direkteur van Lugdienste en opperbevelvoerder van die troepe op Robertshoogte, op 1.5.1933, het brig sir Pierre van Ryneveld sy beste kragte aan die opbou van die SALM gewy. Die destydse Minister van Verdediging en latere Staatspresident, mnr P.W. Botha, het – na die afsterwe van genl sir Pierre van Ryneveld, KBE, DSO, MC, in 1972 – die volgende huldeblyk aan die heengegane gebring:

> "The death of Gen Sir Pierre van Ryneveld has caused a great military leader to disappear from the scene. He had an illustrious periode of service for South Africa. We shall remember him as a great aviator and one of the founders of the South African Defence Force.
>
> He was respected in all military circles. His interest in the Defence Force continued until practically the end of his life."[6]

Vanaf 1.5.1933 tot sy aftrede, op 2.5.1949, was genl sir Pierre van Ryneveld Hoof van die Generale Staf. Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) het hy in die Unie diens gedoen, maar besoeke aan diverse oorlogsfronte gebring. Na die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) het hy die volgende militêre medaljes en dekorasies ontvang:

(i) *Kings Silver Jubilee Medal*, 1935.
(ii) King George VI Coronation Medal, 1937.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 1, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

(iii) *Orde van die Phoenix (met swaarde)*, Griekeland, 19.8.1944.
(iv) *Companion of the Most Honourable Order of the Bath* (CB), 14.6.1945.
(v) *Kruis van Groot Officier van de Leopold Orde*, België, *2e klas*, 5.2.1946.
(vi) *Afrika Diensmedalje*.

Sir Pierre van Ryneveld, stigter van die Suid-Afrikaanse Lugmag en leier van die Suid-Afrikaanse gewapende magte tydens die Tweede Wêreldoorlog, is op 2.12.1972 in die militêre hospitaal, Voortrekkerhoogte, oorlede. Na 'n spesiale diens in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Voortrekkerhoogte, is sy stoflike oorskot met volle militêre eer aan die skoot van die aarde toevertrou.

## Die naamgewing

In die lig van bostaande besonderhede aangaande genl sir Pierre van Ryneveld (1891–1972) is dit duidelik dat die naamgewing van die dorp Pierre van Ryneveld en sy uitbreidings ten volle geregverdig was. Genl sir Pierre van Ryneveld, KBE, CB, DSO, MC, was 'n stigter-bouer en 'n militêre leier van betekenis. Deur 'n nuwe dorp na hom te vernoem en straatname met hom in verband te bring, kan as 'n passende huldeblyk beskou word.

Uit die onderskeie liggings – en ander planne, wat welwillend deur die stadsklerk van Verwoerdburg aan die skrywer beskikbaar gestel is, blyk o.m. die volgende:[7]

(A) *Op die plan van die dorp en uitbreiding* (Maria van Riebeecklaan/Goede Hooplaan) is, wat die eersgenoemde deel betref, die volgende vliegtuigname aangebring wat deur Suid-Afrikaners beman was: *Avianlaan, Baltimoreweg, Blenheimweg, Canberraweg, Catalinaweg, Furyweg, Gladiatorweg, Herculesweg, Kittyhawkweg, Liberatorweg, Maranderweg, Marylandweg, Mirageweg, Mosquitoweg, Mustangweg, Sabreweg, Shackletonweg, Spitfireweg, Tomahawkweg, Typhoonweg, Venturaweg.*

Hierby moet, origens buite verband met die voorgaande, *Collyerlaan* genoem word. Hierdie laan is vernoem na brig-genl J.J. Collyer, CB, CMG, DSO, eerste Hoof van die Generale Staf, 1917–1920.

Met betrekking tot uitbreiding 1 (tussen Maria van Riebeecklaan en Goede Hooplaan) kan die volgende name genoem word:

*Maria van Riebeeklaan* – In samehang met *SAS Emily Hobhouse* en *SAS Johanna van der Merwe* vernoem na die eerste duikboot wat deur die SA Vloot aangeskaf is.

*Goede Hooplaan* – Vernoem na die eerste fort en die huidige kasteel te Kaapstad, m.a.w. na die oudste militêre verdedigingswerke in ons land. Tewens vernoem na een van kommandeur Jan van Riebeeck se skepe, t.w. *Goede Hoop*. Verwys, simbolies, ook na die hoop en vertroue van land en volk met betrekking tot 'n sterk en slagvaardige weermag.

Verder kom die volgende *vlootverwante name* in die genoemde uitbreiding voor:

*Escombelaan* – Vernoem na kapt sir Harry Escombe, PL, MLA, NNV, stigter van die eerste vlooteenheid in Suid-Afrika (1885), die *Natal Naval Volunteers* (NNV).

*Lindlaylaan* – Vernoem na J.B. Lindlay, CMG, eerste bevelvoerder van die *Cape Naval Volunteers* (CNV) in 1905.


*Priceweg* – Vernoem na kommandeur T.S. Price, RNR, eerste bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse afdeling van die *Royal Naval Volunteer Reserve* (RNVR) in 1913.

*Rankinlaan* – Vernoem na kommandeur N.H. Rankin, eerste bevelvoerder van die *Suid-Afrikaanse Seediens* (1922).

*Hallifaxlaan* – Vernoem na skout-admiraal G.W. Hallifax, eerste direkteur van die *Suid-Afrikaanse Seemag* (1940).


*Dalgleishlaan* – Vernoem na kommandeur J. Dalgleish, CBE, opvolger van skout-admiraal G.W. Hallifax (1941), eerste direkteur van die *Suid-Afrikaanse Vlootdiens* (tot 1946).

*Deanweg* – Vernoem na kommodoor F.J. Dean, OBE, opvolger van kommandeur J. Dalgleish, CBE (1946–1951).




| SKAAL / SCALE | PIERRE VAN RYNEVELD DORP / TOWN<br>PIERRE VAN RYNEVELD UITBR. / EXT. I | TERREIN VAN AANSOEK<br>PROPERTY UNDER APPLICATION | LIGGINGSPLAN<br>LOCALITY PLAN |
|---|---|---|---|
| 0 — 100m — 200m<br>50m — 150m | | | |

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 1, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 1, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

*De Waalweg* – Vernoem na brig P. de Waal, CB, CBE, Vloot- en Marinestafhoof (1951–1952). In 1955 het bogenoemde organisasie verval en het kommodoor H.H. Biermann, OBE, as Vlootstafhoof, Suid-Afrikaanse Vloot, begin optree.

*Johnsonweg* – Vise-admiraal J. Johnson, SM, DSC, het diens gedoen as bevelvoerder Maritieme Verdediging en Hoof van die SA Vloot.

(B) Uitbreiding 2, aan die oostekant begrens deur Pierre van Rynevelddorp en aan die westekant gedeeltelik deur die oostelike verbypad. In hierdie uitbreiding is o.m. verwys na destydse Eerste Ministers, Ministers van Verdediging, Sekretarisse van Verdediging, Kommandant-generaals en ander gesagsdraers:

*Hertzoglaan* – Vernoem na genl J.B.M. Hertzog, Eerste Minister (1924–1933, 1933–1939).

*Verwoerdlaan* – Vernoem na dr H.F. Verwoerd, Eerste Minister (1958–1966).

*Vorsterlaan* – Vernoem na adv. B.J. Vorster, Eerste Minister (1966–1978).

*Mentzweg* – Vernoem na kol. Hendrik Mentz, DTD, Minister van Verdediging (1920–1924).

*Creswellweg* – Vernoem na kol. F.H.P. Creswell, DSO. Minister van Verdediging (1924–1933).

*Pirowweg* – Vernoem na adv O. Pirow, Minister van Verdediging (1933–1939).

*Fouchéweg* – Vernoem na mnr J.J. Fouché, Minister van Verdediging (1959–1966). Later: Staatspresident.

*Pieter Bothalaan* – Vernoem na mnr P.W. Botha, Minister van Verdediging (1966–1978). Eerste Minister. Staatspresident vanaf 1984–1989.

*Bourneweg* – Vernoem na sir Roland Bourne, eerste Sekretaris van Verdediging (1912–1922).

*Andries Brinkweg* – Vernoem na genl. Andries J.E. Brink, CBE, DSO, DTD, Sekretaris van Verdediging (1922–1937). Hoof van die Generale Staf (1920–1933).

*Broeksmaweg* – Vernoem na adv A.H. Broeksma, Sekretaris van Verdediging (1937–1939).

*Blaineweg* – Vernoem na brig Blaine, Sekretaris van Verdediging (1939–1945).

*Cuffweg* – Vernoem na mnr H.F. Cuff, Sekretaris van Verdediging (1955–1966).

*Steynweg* – Vernoem na mnr V.P. Steyn, Sekretaris van Verdediging (1955–1966). Daarna is die poste van Kommandant-generaal en Sekretaris van Verdediging verenig.

*Lukinweg* – Vernoem na die latere brigade-generaal H.T. Lukin, CMG, DSO, eerste inspekteur van die Staande Mag (UVM) (1912).

*Beveslaan* – Vernoem na kol P.S. Beves, Kommandant van Kadette ten tyde van die instelling van die UVM (1912).

*Len Beyerslaan* – Vernoem na lt-genl L. Beyers, Hoof van die Generale Staf (1949– 1950).

*Klopperweg* – Vernoem na Kommandant-generaal H.B. Klopper, DSO (1956–1958). Opgevolg deur Kommandant-generaal S.A. Melville.

*Grobbelaarweg* – Vernoem na Kommandant-generaal P.H. Grobbelaar, SSA, DSO (1960–1965).

*McKenzieweg* – Vernoem na brig-genl sir Duncan McKenzie wat die Sentrale Mag in Duits-Suidwes-Afrika aangevoer het (1914–1915).

*Van Deventerweg* – Kol (later lt-genl) J.L. van Deventer (later sir) het die Suidelike Mag in Duits-Suidwes-Afrika aangevoer (1914–1915) en later 'n tyd lank die krygsverrigtings in Duits-Oos-Afrika beheer.

*Fauldslaan* – Weerman (later lt) W.F. Faulds het tydens die slag van Delvillebos (1916) die *Victoria Cross* (VC) verwerf.

*Manie Bothalaan* – Vernoem na genl-maj N.H.W. (Manie) Botha, CMG, DTD, bevelvoerder 3 SA Divisie (tuisfront) tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 1, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

*Dan Pienaar-weg* – Vernoem na genl-maj Dan Pienaar, CB, DSO, opvolger van genl-maj George E Brink, as bevelvoerder 1 SA Divisie (Noord-Afrika). Met sy vliegtuig neergestort op Kisumu (Desember 1942).

*Senescallweg* – Vernoem na brig G.T. Senescall, DSO, bevelvoerder van die krygsverrigtings teen Madagaskar deur 5 SA Brigade (Tweede Wêreldoorlog).

*Nortonlaan* – Vernoem na lt Gerald Ross Norton, Suid-Afrikaner, gedetasjeer by die RAF, wat die *Victoria Cross* (VC) verwerf het.

*Smythelaan* – Vernoem na sers (later lt) Quinton Smythe, wat – in Noord-Afrika – die *Victoria Cross* (VC) verwerf het. Hy was 'n lid van 1 SA Divisie.

(C) Uitbreiding 3. Liggingsplan ontbreek. Noord van Baltimoreweg, wes van Pierre van Ryneveld uitbreiding 5 en Maria van Riebeecklaan. Die name het betrekking op die militêre geskiedenis van die Groot Trek en die Zuid-Afrikaansche Republiek.

*Andries Pretoriuslaan* – Vernoem na Voortrekkerleier Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius, die held van Bloedrivier, hoofkommandant van die Voortrekkers van 25.11.1838–11.12.1838, Kommandant-generaal van 11.12.1838–17.1.1842. Heraangestel in laasgenoemde pos op 21.2.1842, in funksie tot 8.8.1842, heraangestel op 8.2.1847, in funksie tot Desember 1848. Vervolgens Kommandant-generaal van 16.10.1850 tot 15.1.1851. Vanaf laasgenoemde datum Kommandant-generaal van Magaliesburg, Mooirivier en Marico (Zuid-Afrikaansche Republiek) tot 23.7.1853.

*Willem Joubertlaan* – Vernoem na W.F. Joubert, Kommandant-generaal van Lydenburg (1851–1859).

*Piet Potgieterweg* – Vernoem na die seun van Kommandant-generaal A.H. Potgieter. Hy was Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1852–1854).

*Marthinus Pretoriuslaan* – Seun van Kommandant-generaal A.W.J. Pretorius. Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Kommandant-generaal van 1853–1854 en van 1876–1877.

*Schoeman-weg* – Stefanus Schoeman was, tydens die Transvaalse Burgeroorlog, Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1855–1857).

*Gert Krugerweg* – Vernoem na G.J. Kruger, Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1854–1855).

*Snymanweg* – Vernoem na T.J. Snyman, waarnemende Kommandant-generaal van die Zuid-Afruikaansche Republiek (1862–1863).

*Piet Joubertlaan* – Vernoem na genl Petrus Jacobus Joubert, Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1880–1900).

*Cronjéweg* – Vernoem na P.A. Cronjé, waarnemende Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1884–1885).

*Smitstraat* – Vernoem na genl Nicolaas J. Smit, die held van Majoeba (1881).


Verder val nog onder hierdie uitbreiding: *Mustanglaan*, *Mustangstraat* en

*Dawsonstraat* – Vernoem na lt-kol F.S. Dawson, in bevel van 1 SA Infanterie regiment, wat tydens die Eerste Wêreldoorlog aan die slag van Delvillebos deelgeneem het (1916).

(D) Uitbreiding 4. Liggingsplan. Oos van Van Ryneveldlaan.

*Van Ryneveld-laan* – Vernoem na genl sir Pierre van Ryneveld, KBE, CB, DSO, MC.

BYLAE - ANNEXURE - A




| SKAAL/SCALE | PIERRE VAN RYNEVELD UITBR. 4 | TERREIN VAN AANSOEK PROPERTY UNDER APPLICATION | LIGGINGSPLAN LOCALITY PLAN |
|---|---|---|---|
| 0 100m 200m 50m 150m | | | |

*Van der Spuy-weg* – Vernoem na genl-maj K.R. van der Spuy, CBE, MC, wat o.m. tydens die Eerste Wêreldoorlog aktiewe diens verrig het in Suidwes-Afrika (SAVK), Oos-Afrika (26 Eskader) en Rusland. Hy was die eerste loods wat in diens van die SALM getree het (1920).

*Millerweg* – Vernoem na maj Allister Miller, RFC, wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog werwingswerk in die Unie in Britse diens verrig het. Deur sy skouspelagtige lugvertonings het hy baie daartoe bygedra dat die belangstelling in die militêre- en siviele lugvaart in Suid-Afrika vinnig toegeneem het.

*Beuchamp Proctorlaan* – Vernoem na kapt Andrew Weatherby Beauchamp Proctor, VC, DSO, MC, DFC, wat op 4.9.1894 op Mosselbaai gebore is. Hy het, as 'n Suid-Afrikaanse vlieënier in Britse diens, in vyf maande in Frankryk die *Victoria Cross* (VC), die *Distinguished Service Order* (DSO), die *Military Cross* (MC), met balkie; en die *Distinguished Flying Cross* (DFC) verwerf. Hy is, op 4.9.1918 deur 'n Duitse verkenner in Frankryk neergeskiet en op Mafeking begrawe.

*Brandlaan* – Vernoem na die toenmalige vlugluitenant Quintin Brand, DSO, MC, DFC, 'n afstammeling van President Jan Hendrik Brand (OVS) (1823–1888), wat – saam met lt-kol Helperus Andrias van Ryneveld, die vlug van Londen na Kaapstad op 20.3.1920 voltooi het.

Op 1.2.1920 het die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) sy verskyning gemaak. Die volgende name herinner aan dié tydperk:

*Danielweg* – Vernoem na die latere brig Hector C Daniel (1898–1953) wat die CBE, MC en AFC verwerf het nadat hy in 1917 as tweede luitenant RFC aangestel is. Hy het op 1.2.1923 tot die SALM toegetree. In 1936 is hy benoem as bevelvoerder van die Vliegtuig-en Artilleriedepot en in 1937 volg sy benoeming as Direkteur van Lug-en Tegniese Dienste. Van 1.7.1939–12.9.1936 was hy Direkteur van Lugdienste.


*Venterweg* – Vernoem na die latere lt-genl C.J. Venter, CB, DFC, met balkie. Hy is op 1.11.1892 gebore en op 30.8.1917 as tweede luitenant RFC aangestel. Op 20.1.1922 het hy as 'n luitenant by die SALM aangesluit. Op 1.10.1940 het sy aanstelling as Direkteur-generaal van Lugdienste gevolg. Hy het dié pos tot 17.3.1941 beklee. Op 18.3.1941 word hy Direkteur-generaal van Lugdienste. Hy het dié pos tot sy aftrede beklee (16.10.1945). Op 4.3.1947 het sy bevordering tot lt-genl gevolg.

*Durrantlaan* – Die latere brig J.T. Durrant, CB, DFC, is op 5.5.1913 gebore. As 'n tweede luitenant het hy op 1.11.1934 in diens van die SALM getree. Op 1.10.1946 volg hy brig H.G. Willmott, CBE, as Direkteur-generaal van die Lugmag op. Hy beklee hierdie pos tot 30.6.1951 en tree op 24.2.1952 uit die militêre diens.

*Melvillelaan* – Vernoem na die latere genl S.A. Melville, SSA, OBE, wat op 1.1.1931 as 'n tweede luitenant SALM aangestel is. Van 25.8.1954 tot 22.9.1946 was hy Lugstafhoof. Daarna is hy tot genl-maj bevorder en as inspekteur-generaal in die SA Weermag aangestel. Op 25.9.1958 het sy bevordering tot generaal gevolg en is hy as Kommandant-generaal SA Weermag aangestel. Genl Melville het op 31.12.1960 afgetree.

*Viljoenweg* – Vernoem na die latere veg-generaal B.G. Viljoen, SSA, OBE, wat op 1.5.1928 as tweede luitenant by die SALM aangesluit het. Op

BYLAE A
ANNEXURE




| | | | |
|---|---|---|---|
| SKAAL / SCALE<br>1 : 5 000 | PIERRE VAN RYNEVELD<br>UITB. / EXT. 5 | TERREIN VAN AANSOEK<br>PROPERTY UNDER APPLICATION | LIGGINGSPLAN<br>LOCALITY PLAN |

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 1, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

23.9.1956 is veggenl Viljoen as Lugstafhoof aangestel. Hy het dié pos tot sy aftrede, 30.4.1965, beklee.

*Martinweg* – Vernoem na die latere lt-genl H.J. Martin, SM, CBE, DFC, wat op 7.9.1936 as tweede luitenant by die SALM aangesluit het. Hy het veggenl B.G. Viljoen op 1.5.1965 as Lugstafhoof opgevolg. Op 1.7.1966 volg sy bevordering tot Hoof van die Lugmag en op 1.12.1967 as Hoof van die Verdedigingstaf. Lt-genl Martin het op 31.12.1968 afgetree.

*Jim Versterlaan* – Die latere lt-genl J.P. (Jim) Verster, SM, het op 30.11.1938 as tweede luitenant tot die SALM toegetree. Hy is in 1942 krygsgevange geneem en op 12.5.1945 vrygelaat. Op 1.12.1967 is lt-genl Verster as Hoof van die Lugmag aangestel.

*Condonlaan* – Vernoem na lt Tom Condon, SALM, wat tydens die Berlynse lugbrugoperasie onder uiters moeilike omstandighede geland het. Vir hierdie optrede het hy die *Air Force Cross* ontvang.

*Theronweg* – Vernoem na kommandant S. van Breda Theron, DSO, DFC, AFC, bevelvoerder van nr 2 Eskader SALM in Korea.

(E) Uitbreiding 5 Liggingsplan. In hierdie uitbreiding herinner die benamings *Mustanglaan*, *Altimeterweg* en *Kompasweg* aan die SALM.

**Aantekeninge**

1. Korrespondensie te vind in DGP/A16/5/5/16/20 (SAW-argief).
2. Carel Birkby, "Sir Pierre was Air Pioneer". *Sundlaan, Altimeterweg* en *Kompasweg* aan die SALM.

**Aantekeninge**

1. Korrespondensie te vind in DGP/A16/5/5/16/20 (SAW-argief).
2. Carel Birkby, "Sir Pierre was Air Pioneer". *Sunday Times*, 3.12.1972.
3. Vir meer besonderhede o.m. *S.A. Lugmag – Goue Jubileumgedenkboek 1920–1970 S.A. Air Force Golden Jubilee Souvenir Book*, p. 20, e.v.
4. *Ibid*, p. 23.
5. Kyk onder aantekening 2.
6. *Springbok*, vol. 56, no. 1. January 1973, "Sir Pierre dies at 81".
7. Dank aan die stadsklerk, Verwoerdburg.

*Kol (dr) Jan Ploeger, SSO Argief en Navorsing, SAW, 1964–73. Staatshistorikus, RSA, 1973–1983